# Klaas Glasie

## Van Moedverloorstasie

## tot

## Rehabilitasie

deur Jacobus van der Riet

Minuteman Press

Alberton 2023


Kopiereg voorbehou.

Vir verder kopieë,

kontak:  iashenka1959@gmail.com



My regte naam is Nikolaas van Wijngaard, maar almal ken my as Klaas Glasie, maar nou ja, wat kan ek sê…?





Hoe het dinge dan só uitgedraai? Het ek maar net agter my vriende aan gedrink of wou ek my verdriet verdrink?



So hoe kom ek nou terug huis toe? Kan ek nog die pad onthou?





Daar is natuurlik dae wat ek liewers wil vergeet, maar ek is mos maar net ’n ietwat strawwe drinker, of hoe?





En waarom die alewige ophef oor my drinkgewoontetjie? Dis mos net nog ’n rede om daarmee aan te gaan, nie waar nie?





Ja, ek kan wel die volgende oggend ’n kwaai kopseer hê,
maar ek weet mos hoe om die probleem op te los.




Kyk nou, is daar iets wat ’n regmakertjie nie gou weer kan regmaak nie?




Wel, ek is vanoggend effens onvas op my voete vanweë die bewerasie, maar ek sal regkom, dankie.




Ja-nee, ek het my eie medisyne vir hierdie babbelas, so moenie vir my vertel dat ek ’n drankprobleem het nie.





As my werkgewer tog net nie so te kere wil gaan oor my laatkommery nie. Wat is tog verkeerd met die man?




En nou is die koskas ook weer leeg en al die geld is op, en nou sê julle natuurlik dis my skuld, of hoe?





…maar dis mos al daardie swaar belastings op die drank wat dit doen!





Ag tog, wat skinder die bure nou al weer oor my? Gee ek miskien om as hulle my name noem?





Waarom kan my vrou my nie net uitlos nie? Almal wys net altyd die vinger na my!




Wanneer ek ’n dop in het en aan die slaap raak, gaan staan en gooi sy die drank in die drein af. Kan jy dit glo?




Maar hulle weet tog niks van my slim wegsteekplekke nie.





Ek sien sy drink soms saam met my, seker om my minder te laat drink of om ons verhouding te probeer red, wie sal tog weet?




Maar waarom draai sy op ander dae weer haar rug op my?




Nou ja, daar is dan seker ’n paar krake in ons huwelik, maar is dit nou regtig alles net my skuld?




En die kinders? Is hulle nou bang vir hulle pa? Hoe kan ek die verdriet van so ’n ellende verdrink?





Maar dan moet hulle nie probeer om met my drinkery in te meng nie. Wat het dit met hulle te maak hoe ek my tyd en geld spandeer?





Ai tog, is ek dan die oorsaak van my liewe dogtertjie se ongelukkigheid? En my vrou huil ook al weer!





Dalk is dit tyd om bietjie eerlik oor die saak te begin dink.
Het ek myself dalk al die jare mislei?





Het ek nou regtig ’n gevangene van my drinkgewoonte geword, ’n alkoholis, soos hulle almal sê?




Kan enigeen ooit verstaan hoe misrabel my lewe geword het? Al die skuldgevoelens! Om gedurig in ’n dwaal te wees!




Maar wat van die verskriklike horries, die "klontjies", as ek sou probeer ophou drink? Ek weet mos hoe dit voel.




Maar laat ek dink, waar was ek gisteraand en wat het ek nou weer aangevang? My geheue begin my nou in die steek laat.





Om die waarheid te sê, al my sintuie het skade gely, en ek is ’n skaduwee van wat ek was.




Gaan al hierdie alkohol dan tot my ontydige dood lei? Is dit dan ék wat in daardie doodskis lê?




Maar sal my gesin my ooit mis? En sal ek dan nie my eie kinders sien groot word nie? My dogtertjie se troudag!




Ek is in die pad gesteek by die werk! Ek moes dit sien kom het! Sy geduld met my het uiteindelik opgeraak.




Hoe ver en diep kan ’n mens in hierdie lewe val? Wat nou?





Kan dit erger as dit met my gaan? Is daar dan nie ’n manier om gesond te word en na my huis terug te keer nie?




So dan het jy nou gif vir my geword en was jy al die tyd my vyand, nie my vriend nie. Of wat het jy vir jouself te sê?




As dit dan so is, kan ek dit regtig bekostig om my nog een keer met die drank te buite te gaan?





Iewers moet daar ’n keerpunt vir my wees, dis nou of nooit!




Ek is dan regtig ’n alkoholis. Waar kan ek hulp vandaan kry om my probleem te oorkom?





Waar sou ek sonder my vrou en familie se ondersteuning gewees het, noudat ek besluit het om rehabilitasie te ondergaan? Maar wat wag vir my hier?





Hoe kom ek deur die moeilike tyd van onttrekking aan die alkohol?


Ek moet deur dit alles slaap, vir dae aaneen, lyk dit my.





Die dokter kyk nou hoeveel skade my liggaam gely het. Nou ja, ek hoop hy kan my weer gesond maak met al sy botteltjies.





Hy sê my eens mooi rooi lewer lyk nou soos ’n ou badkamerspons. En wie is ek om met hom te stry?





Nog medisyne? O, vitamiene om my afgetakelde gestel weer op te bou.





Ek moes dit sien kom het: ’n Lesing! Maar dié een help my om te verstaan wat met my gebeur het en wat vir my voorlê.





’n Mens kan nogal na dié man se verhaal oor sy drank-loopbaan luister.
Maar sal ek dit ooit waag om self ook my storie te vertel?



Dit help om klarigheid te kry as ek my ervaring met die alkohol beskryf, en wie weet, dalk kan die ander ook iets daaruit leer.




Selfs die sielkundige wat so sit en notas maak terwyl ek praat, help my om my situasie te verstaan.





Oefening om my liggaam weer op te bou. Wat is moeiliker, om die alkohol te klop of hierdie taaie kalant?





Ek voel al klaar heelwat beter. Sal Cape Town City se afrigter my nou uiteindelik raaksien?





Ek gaan mos nie op my eie krag staatmaak nie, ek gaan hulp soek by die barmhartige Heiland vir die stryd wat voorlê.




Dis tyd om terug te keer huis toe, maar sal ek kan staande bly teen die baie versoekings wat daar vir my wag?





En sal die liewe dokter daar wees as ek dalk nasorg nodig het, of as ek ’n terugslag beleef?




Kan ek dalk party van die verlore jare inhaal met my gesin?

Jy het nie geweet jou pa kan kitaar speel nie, nê?





Hoe kan ek nugter bly as ek nie nederig om bystand en gebede vra nie?




Wie sou kon dink dat die baas bly sou wees om my terug te hê by die werk? Nou gaan hy sien hoe ek kan werk!





Ek is versigtig om reguit huis toe te loop ná werk. Elkeen maak maar sy eie plan om die versoekings te systap.




Dit help veral om besig te bly. Hoeveel jare het ek nie hierdie huis en tuin afgeskeep nie!




Dis soveel beter as daardie ellendige Sondae van vantevore toe ek my altyd oor en oor besope gedrink het.




In die Heiland se Heilige Kerk voel ek veilig en word ek versterk…



So ek woon ook die spesiale gebedsbyeenkomste vir verslaafdes en sober alkoholiste by, want ons weet wat word van hom wat sy waaksaamheid verslap, nie waar nie?




Want ek wil ’n goeie man vir my vrou en ’n goeie pa vir my kinders wees.




Die Einde

Met dank aan wyle Ds. T.D. Booker vir sy advies met die teks, asook die oorspronklike opdrag in ong. 1980, en aan wyle Ds. C.F. Snyman en Dr. Stefanus Snyman wat die tekeninge deur die jare bewaar het, tot dit nou digitaal verfris en aangepas kon word.

Klaas Glasie woon iewers in die Wes-Kaap en dit gaan glo nog goed met hom.